22 NOVEMBER 2026

TORINGKERK NUUS

OGGEND EREDIENS | “LOVE CHANGES EVERYTHING” | MT. 25:31-46 |



Die wonderlike ding van God se liefde is dat dit nie deur die objek bepaal word nie. God het ons nie lief omdat ons goed is nie. God het ons lief omdat God goed is. Dit neem ons hele lewe voordat dit insink, want dit is nie hoe menslike liefde werk nie.

Gawes is nie trofees nie



Gawes is nie trofees wat op 'n rak uitgestal word nie, maar fakkels wat helder lig gee en die donker verdryf. Het jy die gawe ontvang om te preek? Dan moet jy so preek dat God deur jou praat. Het jy die gawe ontvang om ander te dien? Doen dit met die krag en energie wat God jou gee.

As dit is om onderrig te gee, laat jy onderrig gee. As dit is om mense te bemoedig, gaan uit en bemoedig die wat dit nodig het. As jy leiding kan gee, dan gee dit met toewyding. As jy ander kan help, dan doen dit met blymoedigheid. As jy kan gee, gee vrywillig en sonder bybedoelings. Skyn jou gawe waar dit die nodigste is.

Novembermaand is Tiende Dankoffermaand by Toringkerk. Dit is daardie spesiale ekstra finansiële bydrae wat jy maak om bedieninge aan die gang te hou en uit te reik na plaaslike gemeenskap en uitreik projekte. 2 Kor 9:7 kom hier op: "*Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het. . . want God het die blymoedige gewer lief.*"

Toringkerk is dankbaar vir jou!

DIENSLERAAR BEROEP

Dit is vir ons lekker om mee te deel dat Ds. Tilana Meyer-Morkel beroep is as Diensleraar in ‘n 4/8ste pos, met opdrag jeug en families. Ons kondig dit 2 Sondae aan in die gemeente en dan het sy 2 weke om daarop te antwoord.





ONS GROET VIR STEFAN

Stefan, ons sê vir jou baie dankie vir die laaste 2 jaar se saam reis. Ons hoop die nuwe fase gaan vir jou besonders wees in die bediening en baie sterkte vir jou en Annarita met die nuwe hoofstuk. Ons bid julle alle seën toe, mag die bediening vir julle goed wees.

KINDER–KLEINGROEPE AFSLUITING & DANKIE AAN AL DIE MENTORS

Ons kinderkleingroepe sluit Sondag af. **Baie dankie aan elkeen van die mentors** wat hierdie jaar gehelo het met kinderklein-groepe! Ons waardeer julle so baie & kan dit nie sonder julle doen nie.



ECHO HUIS MENTORS

Ons benodig ‘n paar mense, veral vroue, wat bereid is om as mentor op te tree vir een van die Echo Huis dames.

Dit behels gereelde intjek en koffie / koeldrank afspraak, maar niks te moeilik of uitdagend nie.

As jy kans sien om op hierdie manier by iemand betrokke te wees - laat weet asb vir Jana.





KERSSANGDIENS

Dis amper weer ons jaarlikse gesamentlike Kerssangdiens. Ons **benodig 10 bordjies eetgoed** uit die gemeente vir die kuier na die diens. Laat weet asb die kerkkantoor as jy kan help.

Die tema hierdie jaar is “Kiekies vir Kersfees” en ons wil graag vra dat jy / julle **fotos van julle Kersfeeste oor die jare** in die volgende paar weke kerk toe bring. Ons gaan dit gebruik in die diens en jy kan dit dan weer na die diens huistoe neem. **Kinders kan ook soos enige Kersfeeskarakter aantrek vir die diens.**

KALENDER 2027 BORGE

Dis vir ons ‘n groot voorreg om jaarlikse ‘n gemeente-kalender te kan uitdeel aan al ons lidmate. Dit vra egter redelike groot finansiele uitgawe van die gemeente. Om dit ‘n bietjie ligter te maak en jou kans te gee om te adverteer, vra ons jaarliks vir borge vir ‘n sekere maand. Jou “logo” of naam verskyn dan op die kalender vir daardie maand en in die Toringkerk Nuus vir daardie hele maand elke week. ‘n Maand se borg kos R1500.

Kontak asb die kerkkantoor as jy belangstel.



GEMEENSKAPS-UITREIK

'n Gemeenskapsuitreik deur Magda se Sopkombuis vind plaas **Dinsdag 15 Desember**. Helpers is nodig by die koektafel net om uit te deel soos die groepe deurbeweeg. By die **Gemeenskapsaal, Jan van Riebeeck Str tussen 10.30 en 13.00.**

Vir inligting kontak Hannetjie Lotz 0836591860 of Magda Meyer 0713285274





MAGDA SE SOPKOMBUIS

Magda se Sopkombuis benodig **bad / toiletseep** vir die Kersfeespakkies vir senior inwoners in Paarl Oos. Skenkings sal waardeer word en kan ook in die Skryfbehoefte houers by die deure geplaas word.

SKRYFBEHOEFTES

Ons wil graag help met skryfbehoeftes vir behoeftige kinders vir 2027. Behalwe penne, potlode en ander skryfbehoeftes, is items soos pennesakkies (space cases), geskikte houers, flip files, boekoortreksels, penne, potlode, kleurkryte, vetkryte, koki's en soortgelyke skool-benodigdhede ook baie welkom. Nuwe items en geldelike bydraes is eweneens welkom. Merk asseblief enige donasie duidelik "Skryfbehoeftes". Houers sal by die kerkdeure beskikbaar wees. Skenkings kan tot en met 29 November ingehandig word. ***Kontak vir Hannetjie (0836501860) vir meer inligting.***




Agterpaarl Gemeente
Toringkerk
Drakenstein Gemeente
Kiekies van
Kersfees
Kinders word genooi om soos herders, engeltjies of sterrekykers aan te trek!
22 November 2026 | 19:00 | Toringkerk

GEBEURE OM NA UIT TE SIEN

TORINGKERK

Dagboek

DIE DATUM



22 NOV. KERSSANGDIENS

Toringkerk | 19:00



29 NOV. ADVENT BEGIN

Toringkerk | 09:00



25 DES. KERSFEESDIENS

Toringkerk | 09:00



17 JAN. WELKOM TERUG

Toringkerk | 09:00

Hou die afkondigings en sosiale media dop vir meer inliging.

BID . SIEN . DEEL

Kantoor nr. 021 872 6730 | Epos: info@toringkerk.co.za



DRAKENSBERG
BOYS CHOIR

Noël
TOUR 2026

BETHLEHEM
PRETORIA
JOHANNESBURG
NOORDHOEK
PAARL
GORDONS BAY
STELLENBOSCH
CAPE TOWN

26 NOVEMBER 18:30

Toringkerk Paarl
cnr Main & Van der Lingen Street

PAARL

Adults:R230 | Pensioners & Children R200

MUSIC IS OUR MINISTRY

www.dbchoir.com

South Africa
KEMPSTON GROUP OF COMPANIES
Ken Mackenzie Foundation
MULTICHOICE
N3TC
SAfm
stone

BAIE GELUK *met jou verjaarsdag!*

22 Nov Mia Brand
22 Nov Annuska de Wet
22 Nov Anna-Mari Horn
23 Nov Elize Burger - Rusoord
23 Nov Lea-Mae Gebhardt
23 Nov Marlize Townsend
23 Nov Louis Wessels
25 Nov Marina Champion
25 Nov Alfred Cupido
25 Nov Marie Vorster
26 Nov Lawrence Colombo
26 Nov Ruan Gerber
26 Nov Reghardt Landman
26 Nov Tokkie Smit
26 Nov Frikkie Van der Walt
27 Nov Valria Du Plessis
27 Nov Kristen Page
27 Nov Christiaan Van Aardt
27 Nov Jurie Wessels
28 Nov Mia-Lize Perold

KINDERS & JEUG

KINDERKLEINGROEPE (5JR - GR.7)

Kinderkleingroep hierdie Sondag : Kom deel saam aan die fees!

KRUISCONNECT (GR. 8-10)

KruisConnect - Afsluiting

TIENERKERK (GR. 7-12)

Tienerkerk is klaar vir die jaar.

TAIZÉ TEKSTE VIR DIE WEEK

SONDAG, 22 Nov
Matt. 25:40

MAANDAG, 23 Nov
Jak. 4:7-8

DINSDAG , 24 Nov
Jes. 44:23

WOENSDAG, 25 Nov
Mark.1:16-17

DONDERDAG, 26 Nov
2 Tim. 1:14

VRYDAG, 27 Nov
Luk. 17:20-21

SATERDAG, 28 Nov
Eseg.18:32

SONDAG 29 Nov
Mark.13:37

DEURKOLLEKTE

TIENDE DANKOFFER

Novembermaand is ons gemeente se maand van dankbaarheid. Dit is in hierdie tyd waar ons bo en behalwe ons normale dankoffer iets ekstra, uit dankbaarheid vir ons seëninge, gee. Hierdie bydrae speel 'n belangrike rol om die bedieninge in ons gemeenskap moontlik te maak.

KALENDERBORG: NOVEMBER

décor lighting
(+27) 21 872 9147
www.decorlighting.co.za
management@decorfires.co.za
c/o Bergriver Boulevard Dorp Street
Paarl 7646

KONTAK ONS GERUS!

ONS WIL GRAAG GESELS!

LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Peet Bester | 084 583 3454 | peet@toringkerk.co.za

TENTMAKER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@toringkerk.co.za

JEUG

Stefan Smit | 074 232 0008 | jeug@toringkerk.co.za

KANTOOR

Anna-Marie le Roux | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

FINANSIES

Annelie Dell | 021 872 6730 | finansies@toringkerk.co.za

TERREINKOöRDINEERDER

Connie Jacobs | 071 295 9297 | info@toringkerk.co.za

AFLOSKOSTER

Johan van Rhyn | 084 792 1040 | info@toringkerk.co.za

ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

RUSOORD: SONDAE 0M 10:30 IN RUSOORD KAPEL:
Emeriti predikante, Ds. Christo van Wyk en Ds. Nico Kriek bedien.



DANKOFFERS

DANKOFFERS, MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES

TORINGKERK
ABSA
TAKKODE:
632 005
REK NR:
400 590 176

TORINGKERK ZAPPER

TK WHATSAPP

TORINGKERK WHATSAPP GEMEENSKAP

SLUIT AAN EN BLY IN KONTAK METJOU TORINGKERK GEMEENSKAP VIA WHATSAPP

TORINGKERK WHATSAPP GROEP

Kontak gerus die kantoor indien jy nie die Toringkerk Nuus per epos of Whatsapp wil ontvang nie.